Kom laat ons saam bid...

Augustus 2021

GEBEDSDAGBOEK - NGK KUILSRIVIER DE EIKE

Hierdie maand is vroue maand en die gebedsvoorstelle fokus daarop

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
2	3	4	5	6	7	8
Bid vandag vir vroue in tradisioneel manlike werke—dat hulle die uitdagings die hoof sal bied sonder om hulle morele waardes en christelike beginsels prys te gee	Bid vandag vir ons dogters dat hulle sal besef dat uiterlike skoonheid goed is maar dat ware skoonheid van binne straal	Bid vandag vir jong meisies wat seksueel verantwoordelik sal lewe	Bid vir die werksaamhede van organisasies wat hulle beywer daarvoor om vroue te bemagtig en toe te rus	Bid vir die talle vroue wat slagoffers is van gesinsgeweld—dat hulle die moed sal kry om hulp te soek	Bid vandag vir alle vroue wat worstel met kanker in enige vorm.	Bid vandag vir alle vroue wat hard werk om van hulle huise 'n tuiste te maak vir hulle families
9	10	11	12	13	14	15—VROUE SONDAG
Bid vandag vir alle vroue—dat hulle die moed van die oortuiging sal hê om op te staan vir dit wat hulle weet wat reg is	Bid vandag dat mammas sal besef hoe belangrik dit is dat hulle nooit moet ophou om te bid vir hulle kinders nie.	Bid vir alle toekomstige bruide—dat hulle sal onthou om God die middelpunt van hulle huwelik te maak.	Bid vir alle enkel mammas vir wysheid en insig om hulle kinders in God se weë op te voed.	Bid dat ons dogters sal besef dat hulle drome nie ingeperk hoef te word deur wat tradisioneel gesien word as geskik vir vroue nie.	Bid vir vroue met harte wat omgee vir ander en troos bring waar hulle kan	Bid dat vroue weer sal besef dat hulle meer soos Maria by die voete van Jesus moet rus.
16	17	18	19	20	21	22
Bid dat vroue daagliks voor God sal intree vir hulle mans.	Bid vir mans en vroue wat in huwelikke staan dat hulle mekaar sal liefhê en respekteer soos God wil hê.	Bid vir alle vroue wat slagoffers van trauma was—dat God hulle weer sal vul met Sy vrede.	Bid vandag vir alle gesondheidswerkers en hulle families.	Bid vandag vir die vroue wat sukkel met onvrugbaarheid—dat hulle nooit sal vergeet hoe lief God hulle het nie	Bid vir die verhoudinge tussen skoonma's en skoondogters.	Sê vandag vir God spesiaal dankie vir jou ma en wat sy vir jou beteken
23	24	25	26	27	28	29
Bid vandag dat ma's en oumas weer goeie voorbeelde van Godvresende vroue vir hulle kinders en kleinkinders sal wees	Bid vandag vir almal wat pleegouers is	Bid vandag vir die personeel en hulpe by kleuterskole wat elke dag ons kindertjies help vorm.	Bid vir wysheid vir mammas wat moet kopkrap om hulle begroting maandeliks te laat klop en in hulle gesinne se behoeftes te voorsien.	Bid vir die veilige bewaring van alle vroue wat nagskof werk en op onveilige tye moet reis om by hulle werke te kom	Bid dat mans daagliks hulle vroue in gebed aan God sal opdra.	Bid vir vroue wat vasgevang is in situasies van seksuele misbruik—dat daar vir hulle uitkoms sal kom
30	31	Dogters	Skinder	Leegheid	Marta en Maria	Moeders
Bid dat vroue mekaar se vrouwees sal respekteer en nie mekaar sal afbreek met 'n geskinder nie	Bid dat oumas nooit sal ophou om hulle kleinkinders te bederf en hulle geliefd te laat voel nie	Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. —Psalm 139:14 Gebed: Dankie Here vir my dogter-kind. Mag sy U met haar hele hart, siel en verstand liefhê en volgens U word wandel. Vestig reeds van 'n jong ouderdom haar identiteit in U en gee haar 'n sagte hart, ontvanklik vir U inspraak in haar lewe. Bewaar haar teen die bose. Mag haar man eendag sy perfekte sielsgenoot in haar vind en sy in hom.	Sonder hout bly 'n vuur nie brand nie; sonder 'n kwaadstoker hou 'n rusie nie aan nie. 'n Geskinder is soos lekker kos, mense sluk dit so maklik—Spreuke 26:20,22 Gebed: Vader, U haat skinder, en waarsku ons herhaalde male teen die vrug daarvan. Vergewe my, want in onbewaakte oomblikke het ek my hieraan skuldig gemaak en vandag is ek deeglik bewus dat ek sal moet rekenskap gee oor elke onverskillige woord wat uit my mond gekom het. Wys my hoe om my woorde eerder te gebruik om ander te bemoedig	Ek is die Here julle God wat julle uit Egipte laat wegtrek het. Wat julle nodig het, sal Ek in oorvloed gee.—Psalm 81:11 Gebed: Vader, vanoggend staan ek voor U—leeg en alleen. Maak my vry van gevoelens van isolasie en die leuen van verwerping. As U kind kom maak ek my tuis in U vrymakende liefde, 'n liefde ten volle bewus van my intense honger na diep en opregte vriendskappe, en betekenisvolle verhoudinge.	Maar die Here antwoord haar "Marta, Marta, jy is besorg en bekommerd oor baie dinge, maar net een ding is nodig. Maria het die beste deel gekies, en dit sal nie van haar weggeneem word nie." - Lukas 10:40-41 Gebed: Here, ek het nog altyd Marta se gasvryheid en diensbaarheid bewonder, tog is dit Maria wat my hart oorrompel het.	"Eer jou vader en jou moeder" is 'n baie belangrike gebod, en daar is nog 'n belofte by "sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde" - Efesiers 6:2-3 Gebed: Die uitdagings van die modern ma is legio—of hulle swanger is, enkel ma's of stiefma's is, of hulle harte gebreek is en of hulle reeds ouma's is—ons eer ons moeders vandag!U ken hulle elke behoefte, luister na hulle elke gebed en weet van hulle elke bekommernis Here, antwoord die gebede van hulle hart wanneer 'n dolk daardeur sny, wanneer hulle moeg en alleen is, wanneer hulle onnodig bekommerd is, wees hulle naby.